

9 Augustus

Skrifgedeelte: Sefanja 3
Fokusgedeelte: Sefanja 3:17

Onbegrensde liefde

Is jy 'n nederige mens? Iemand wat diep afhanklik voor die Here lewe? Teenoor die selftevrede nes onder die volk wat gedink het God doen nie goed of kwaad nie (1:12), hulle kan gerieflik sonder God klaarkom, moet die nederiges en ootmoediges wat sal oorbly (3:11, 12) die aangrypende woorde hoor: *“God is by jou ... Hy is vol vreugde oor jou.”* En dan volg die mooiste woorde denkbaar: *“Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.”*

Hierdie woorde is bedoel vir Juda, maar ook vir die volke, omdat God sê dat Hy die lippe van die volke sal aanraak om Hom soos een man te dien (3:9). In Christus sien ons die uitreik na die volke. Harte word verander, lewens raak nuut. God kom woon deur Christus met sy liefde nou by my en jou. En, oor hierdie nuwe, verlose volk van Hom is Hy vol vreugde. Hy het jou so lief soos 'n man sy vrou liefhet. Stil-tevrede om net by mekaar te wees, die egte, intieme liefdes- en gemeenskapsbande te beleef, selfs al word daar nie eers 'n woord gesê nie.

Die wonder van alles: Hy is stil-tevrede in sy liefde oor jou, ondanks wie jy is. God se tevredenheid met jou sê baie meer van Homself as van jou. Dit sê Hy is genadig en propvol liefde. Hy hou van jou! Hy gee eindeloos vir jou, wat aan Christus vashou, om, ondanks jou tekorte. God sê: *“My liefde bedek alles, herstel alles, maak skoon, maak nuut!”* Die vraag is net: As God so oor jou voel, hoe voel jy oor Hom? Maak sy pure liefde en loutere genade jou om stil-tevrede by God se voete te sit?

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds TJ Potgieter (Port Elizabeth)